basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2019**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40 punte) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A

**SPORTVROU JUANITA JACOBS**

"**Waar jy vandaan kom, het niks te doen met waarheen jy op pad is nie.**"

1 Juanita Jacobs (44) van Stellenbosch het in graad 2 begin netbal speel. Dis tóé dat die sportgogga haar gebyt het. Sport het haar lewe geword. Vandag gebruik sy sport om ander mense se lewens beter te maak.

2 Juanita het in Stellenbosch grootgeword en het later na Sasolburg getrek. Omdat sy die regte liggaamsbou gehad het, het sy ook begin rugby speel. Sy het vir die Leeus, die Valke en die Blou Bulle gespeel. Juanita het selfs 'n draai in Ierland gemaak. "Ek het my dae as rugbyspeler baie geniet," sê Juanita. Maar sy het later te oud geword om self te speel. Daarom het sy in 2004 besluit om 'n rugbyafrigter te word.

3 In 2010 het Juanita haar voltydse werk in Sasolburg gelos en teruggegaan Stellenbosch toe. Sy is nou die **afrigter**[1] van die Kylemore Rugbyklub se tweede span. Sy is die enigste vroulike rugbyafrigter van 'n manspan in die Wes-Kaap. Sy sê dis nie altyd maklik vir 'n vrou om 'n span volwasse mans af te rig nie. Sy het gou geleer wat sy moet doen om 'n goeie afrigter te wees. Sy moet altyd goed dink voor sy enigiets doen en sy moet sag, maar ferm praat.

4 Juanita het 'n graad in **sportontwikkeling**[2]. Dit het daartoe gelei dat sy by drie verskillende projekte betrokke is. Impact Through Sport is die eerste projek. Hier gebruik sy sport om kinders te leer om ook op hulle skoolwerk te fokus en om gedissiplineerd te wees. Juanita glo sy kan op hierdie manier 'n positiewe invloed op jongmense se lewens hê. Juanita werk tans met leerders van Hoërskool Kylemore en Laerskool PC Petersen. Daar is onderwysers en **maatskaplike werkers**[3] wat haar help om te besluit met watter kinders sy moet werk.

5 Die tweede projek is die K-Way-projek. Juanita en haar man, Brian, werk hier saam. Hulle ondersteun veral matrikulante sodat hulle op hulle skoolwerk kan fokus. Een van hierdie leerders, Amoré Arends, sê hulle **gemeenskap**[4] sukkel baie met dwelms, geweld en bendebedrywighede en dit raak al moeiliker vir die jongmense om nie daarby betrokke te raak nie. Baie van die jongmense kry ook nie enige **ondersteuning**[5] by hul ouerhuise nie. Juanita en Brian se program ondersteun hierdie leerders. Amoré help met die laerskoolkinders terwyl Juanita en Brian op die groter kinders konsentreer.

6 Die derde projek waarby Juanita betrokke is, is die Closing the Gap-projek. Dit is 'n projek waar kinders na skool bymekaar kom en aan verskillende sportsoorte deelneem. Juanita glo dat alle kinders die kans moet kry om aan sport deel te neem. Sy sluit alle kinders in. Selfs **gestremdes**[6] in rystoele kan aan hierdie projek deelneem.

7 Juanita wil graag ander sportvroue en veral jong meisies **bemagtig**[7]. Daarom wil sy 'n sportakademie vir vroue begin, want sy glo daar is baie vroue wat so iets nodig het. Sy glo dat vroue enigiets kan doen as hulle dit graag wíl doen. Daarom wil sy hê dat meer vroue hulle passies moet uitleef. Hulle moet besluit waar hulle plek in die lewe is. Sy sê goeie leierskap het niks met geslag te doen nie. Die belangrikste is om te geniet wat jy doen. Jy moet regtig omgee vir die mense saam met wie jy werk.

8 Volgens Juanita is daar te min vroulike rolmodelle in ons gemeenskappe. Sy wil graag sien dat vroue hulle plek orals sal volstaan. Haar raad aan alle vroue is om in hulleself te glo en hard te werk. Dan sál hulle die vrugte daarvan pluk.

[Verwerk uit *Kuier*, 13 Oktober 2018]

**Woordverklarings**

1. afrigter – *coach/trainer*
2. sportontwikkeling – *sport development*
3. maatskaplike werkers – *social workers*
4. gemeenskap – *community*
5. ondersteuning – *support*
6. gestremdes – *people with disabilities*
7. bemagtig – *empower*

1.1 Waar woon Juanita Jacobs nou? (1)

1.2 Wanneer het Juanita aan sport begin deelneem? (1)

1.3 Aan watter sportsoort het sy heel eerste deelgeneem? (1)

1.4 1.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Dis tóé dat die sportgogga haar gebyt het." (Reël 1 en 2)

Die sin hierbo word (letterlik/figuurlik) gebruik. (1)

1.4.2 Motiveer die antwoord wat jy by VRAAG 1.14.1 neergeskryf het met VYF OPEENVOLGENDE woorde uit daardie selfde paragraaf. (1)

1.5 Wat het Juanita laat besluit om ook rugby te speel? (1)

1.6 Juanita het net in Suid-Afrika rugby gespeel.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.7 Waarom het Juanita in 2004 besluit om 'n rugbyafrigter te word? (1)

1.8 Watter rugbyspan in die Wes-Kaap word deur Juanita afgerig? (1)

1.9 Waarom, dink jy, is dit nie maklik vir 'n vrou om 'n manspan af te rig nie? (1)

1.10 Watter TWEE dinge doen Juanita om 'n suksesvolle afrigter te wees? (2)

1.11 Hoe kan sport kinders help om dissipline te hê? (1)

1.12 Lees weer reëls 16 tot 23.

Waarom kan die onderwysers en maatskaplike werkers vir Juanita help om te besluit met watter kinders sy moet werk? (1)

1.13 Brian het saam met Juanita aan die K-Way-projek gewerk. Wat sê dit vir ons van Brian? (1)

1.14 In paragraaf 5 sê Amoré dat Juanita ook goeie werk onder matrikulante doen. Noem TWEE van die matrikulante se probleme waarmee die K-Way-projek kan help. (2)

1.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) neer.

Amoré Arends help vir Juanita met die K-Way-program om met die laerskoolkinders te werk. Hieruit kan ons aflei dat die program vir Amoré geleer het om 'n goeie ... te wees.

A sportvrou
B afrigter
C maat
D leier (1)

1.16 Juanita glo dat alle kinders die kans moet kry om aan sport deel te neem. Hoe help die Closing the Gap-projek hiermee? (1)

1.17 Wat wil Juanita graag doen om sportvroue te help? (1)

1.18 1.18.1 Dit is vir Juanita belangrik dat vroue self moet kan besluit wat hulle in die lewe wil doen.

Watter raad het sy in paragraaf 8 vir vroue om hulle plek te kan volstaan? Noem TWEE dinge. (2)

1.18.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Juanita glo as vroue haar raad volg, sal hulle (sukses behaal/baie vrugte hê om te eet). (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.19) neer.

Die subopskrif van hierdie artikel is "Waar jy vandaan kom, het niks te doen met waarheen jy op pad is nie".

Dit pas goed by die inhoud van hierdie teks, want in hierdie teks lees ons dat ...

A vroue baie dinge gelyktydig kan doen.
B dit belangrik is om aan sport deel te neem.
C 'n mens ander mense nodig het om 'n sukses van jou eie lewe te maak.
D omstandighede jou nie moet keer om te doen wat jy graag wil doen nie. (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die tydskrif *Kuier* se voorblad hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Kuier*, 31 Oktober 2017]

1.20 Daar is geen artikels in hierdie vrouetydskrif waarin sportmanne sal belangstel nie.

Waarom is die stelling ONWAAR? (1)

1.21 1.21.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die opskrifte op die voorblad van hierdie tydskrif is almal (positief/negatief). (1)

1.21.2 Motiveer die antwoord wat jy by VRAAG 1.21.1 neergeskryf het. Verwys na enige opskrif op die voorblad. (1)

1.22 Wat op hierdie voorblad sal iemand wat daarvan hou om te bak, se aandag trek? (1)

1.23 Waarom sien jy die prys dadelik raak? (1)

1.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.24) neer.

Die naam van die tydskrif is *Kuier*. Waarom pas die titel so goed by hierdie tydskrif?

A Dis nie 'n baie duur tydskrif nie.
B Die tydskrif word elke twee weke uitgegee.
C Daar is 'n groot verskeidenheid artikels in die tydskrif.
D Die tydskrifartikels gaan oor dinge waaroor mense wil gesels. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSOMMING


## VRAAG 2: WAT JY MOET DOEN AS JOU NEUS BLOEI

Jy woon 'n noodhulpkursus by. Jy leer wat om te doen as iemand se neus bloei. Terwyl die lesing aan die gang is, maak jy notas.

- Som in SEWE VOLSINNE op **WAT JY MOET DOEN AS JOU NEUS BLOEI**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

Baie mense skrik as hulle bloed sien. As jou neus begin bloei, moet jy kalm bly. In die meeste gevalle is dit nie gevaarlik nie.



As jy nie jou kop hoër as jou hart hou nie, kan jou neus aanhou bloei en dan het jy probleme. Sit dus mooi regop as jou neus bloei.



As jou neus bloei, kom daar soms bloed in jou mond. Spoeg dit dadelik uit. Dit sal keer dat jy naar word of verstik ('choke').



Knyp jou neusgate vir 'n paar minute toe. Omdat dit druk sal plaas op die deel van jou neus wat bloei, kan jy die bloeding só stop.




As die bloeding gestop het, moet jy nie jou neus blaas nie. As jy jou neus blaas, kan jou neus weer begin bloei.



Sit ys in 'n waslap om teen jou neus te hou. Dit sal die bloed stadiger laat vloei. Ys op die nek of voorkop sal nie help nie omdat dit nie naby jou neus is nie.





As jou neus na 15 minute nog bloei, moet jy dokter toe gaan. Dit is gevaarlik as jy te veel bloed verloor, want jy kan flou val ('faint').



[Eie teks]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

# Boomplantdag!

**Duisende bome word (3.1) (elke dag) uitgekap om vir ontwikkeling plek te maak.**

**Ondersteun Boomplantdag. (3.2) Plant 'n boom!**

**Ons wil die (3.3) (baie) bome plant wat nog ooit geplant is.**

**Plant 'n geelhoutboom by jou skool, jou huis, jou kerk, in 'n park of (3.5) (lanks/langs) die pad.**

**Kom almal! (3.6) Ons plant bome.**



**Onthou! (3.8) 'n Boom word aan sy vrugte geken …**

**(3.9) Doen jou deel vir 'n groener toekoms.**

**(3.10) Bestel jou boom by sonskyn Kwekery.**
**Tel. 021 788 7932** www.botaniesetuin.co.za

[Eie teks]

3.1 Skryf EEN WOORD vir die woorde tussen hakies neer.

Duisende bome word (elke dag) uitgekap om vir ontwikkeling plek te maak. (1)

3.2 Skryf die SIN hieronder oor.

Plant 'n boom!

**Begin só:** Jy moet ... (1)

3.3 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies neer.

Ons wil die (baie) bome plant wat nog ooit geplant is. (1)

3.4 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder om direk met elke leser te praat? (1)

3.5 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Plant 'n geelhoutboom by jou skool, jou huis, jou kerk, in 'n park of (lanks/langs) die pad. (1)

3.6 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Ons plant bome. (1)

3.7 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.7) en die ontbrekende woord neer.

| van Afrika; | van Europa; | oor die wêreld |
|---|---|---|

Die boom in die prent wat op die aardbol groei, wys vir ons dat al die mense ... bome moet plant. (1)

3.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.8) neer.

In hierdie advertensie beteken " 'n Boom word aan sy vrugte geken" dat ...

A slegte goed met goeie mense gebeur.
B jy gereeld nuwe vrugtebome moet plant.
C die dinge wat jy doen, wys watter tipe persoon jy is.
D jy net bome wat vrugte dra wat jy kan eet, moet plant. (1)

3.9 Doen jou deel vir 'n **groener toekoms.**

Wat beteken die woorde **groener toekoms** in hierdie sin? (1)


3.10 VERBETER die fout in die sin hieronder. Skryf die HELE sin uit.

Bestel jou boom by sonskyn Kwekery. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.
Opsetlike taalfoute kom in RAAMPIE 1 en RAAMPIE 4 voor.

**TEKS E**




[Verwerk uit www.meester.yolasite.com]

4.1 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Meneer sê vir Neelsie: "Jy moet mooi luister."

**Begin só:** Meneer sê vir Neelsie dat ... (1)

4.2 Skryf die sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Vandag ons doen 'n gevaarlike eksperiment. (1)

4.3 Vul die ontbrekende WERKWOORD in.

Ons kan nie 'n fout … nie. (1)

4.4 Gee 'n SINONIEM vir "enorme". (1)

4.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In RAAMPIE 2 wys Meneer met sy vinger in die lug om sy woorde (te beklemtoon/te verduidelik). (1)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6) neer.

As Neelsie in RAAMPIE 3 "Jippie! …" uitroep, beteken dit dat hy … is.

A bang
B skaam
C ongelukkig
D opgewonde (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.7) neer.

Uit Neelsie se gedagtes in RAAMPIE 3 kan ons aflei dat hy …

A hoop dat daar 'n ontploffing is.
B weet dat Meneer 'n ontploffing sal keer.
C seker is dat daar 'n ontploffing gaan wees.
D dink dat Meneer almal met 'n ontploffing wil laat skrik. (1)

4.8 Skryf die volgende sin oor en vul die korrekte LEESTEKEN in.

Neelsie, het jy nou geluister (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Meneer sê: "Julle seuns dink mos altyd aan ander goed." Hierdie woorde is 'n voorbeeld van (stereotipering/manipulering). (1)

4.10 Gee die INTENSIEWE VORM van "kwaad". (1)
**[10]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

**HOU KOP IN DIE EKSAMEN**

My onderwyseres is ervare en (5.1.1) (...) het goeie raad vir matrieks. Volgens haar is die (5.1.2) (graad) 12-eksamen baie belangrik in enige leerder se lewe. (5.1.3) Soms is 'n vraestel moeilik. Jy moet positief bly. (5.1.4) Jy kan die res van die eksamen oorleef.

(5.1.5) 'n Leerders is gewoonlik bang as die eksamen naderkom. Jy moet (5.1.6) (plan/beplan) om jou bes te doen. (5.1.7) Moenie paniekerig raak. (5.1.8) (Haal/Hael) altyd diep asem.

(5.1.9) Jy vind party vraestelle moeilik. (5.1.10) Dit help nie ... jou daaroor ... bekommer nie. Fokus eerder op die (5.1.11) (vak) wat nog geskryf moet word.

Elke vraestel is 'n (5.1.12) (nuut) kans om goed te doen. Hou by jou (5.1.13) (skedule).

Jy kan nie elke dag (5.1.14) (van) die oggend tot die aand leer nie. Maak dus tyd vir eet, slaap en oefen.

Onthou, die eksamen gaan nie vir altyd aanhou nie.

[Verwerk uit *Kuier*, 31 Oktober 2018]

5.1.1 Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in. (1)

5.1.2 Skryf die AFKORTING vir "graad" neer. (1)

5.1.3 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Soms is 'n vraestel moeilik. Jy moet positief bly. (maar) (1)

5.1.4 Skryf die sin as 'n VRAAGSIN.

Jy kan die res van die eksamen oorleef.
**Begin só**: Hoe ... (1)

5.1.5 VERBETER die fout in die onderstaande sin. Skryf die HELE sin uit.

'n Leerders is gewoonlik bang as die eksamen naderkom. (1)

5.1.6 Kies die korrekte WERKWOORD uit dié tussen hakies.

Jy moet (plan/beplan) om jou bes te doen. (1)

5.1.7 VERBETER die sin hieronder. Skryf die HELE sin uit.

Moenie paniekerig raak. (1)

5.1.8 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

(Haal/Hael) altyd diep asem. (1)

5.1.9 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Jy vind party vraestelle moeilik. (1)

5.1.10 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

Dit help nie ... jou daaroor ... bekommer nie. (1)

5.1.11 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Fokus eerder op die (vak) wat nog geskryf moet word. (1)

5.1.12 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Elke vraestel is 'n (nuut) kans om goed te doen. (1)

5.1.13 Verdeel die woord "skedule" in LETTERGREPE. (1)

5.1.14 Gebruik die woord "van" in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het.

Jy kan nie elke dag <u>van</u> die oggend tot die aand leer nie. (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: www.educationalcartoonists.com]

5.2.1 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Thandi se (kamer+deur) staan oop. (1)

5.2.2 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Thandi se ma staan met haar (raport/rapport) in haar hand. (1)

5.2.3 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.

Die ma is kwaad (met/vir) Thandi. (1)

5.2.4 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Thandi is 'n (soet) kind. (1)

5.2.5 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Thandi se (lakens, komberse en kussings) gaan vuil word. (1)

5.2.6 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.

Daar is 'n klein (lamp) langs haar bed. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord SLEGS die vraag oor die kortverhale/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 **OF** VRAAG 7 **OF** VRAAG 8.

**VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" **EN** VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS"

**OF**

**VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" **EN** VERHAAL B: "OPGANG"

**OF**

**VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

### VRAAG 6: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

'n Verskrikking, man, 'n verskrikking, en jy kon – selfs daardie Saterdag – boonop nog aan die man sién hoe sterk hy was.

Die Barrydalers kom in, liewe, goeie mense, niks mee verkeerd nie, en buitendien vrolik, want daardie jaar het Barrydale sommer 'n baie lekker spannetjie gehad en vir my dorp was hulle nie bang nie.

Die Barrydalers het die rusie nie begin nie, ek glo dit nie, en dit maak ook nie saak wie die rusie begin het nie, maar oplaas – net hier vóór ete gelukkig – toe was daar rusie en Rooikoos Willemse het gebulder soos hy gebulder het toe hy nog geboer het. Want die man het 'n stem gehad, dit sal ek jou vertel, die man het 'n stem gehad soos g'n haaifaai vandag het nie.

"Julle ditse-datse-ditse-datse ..." en ek wil die woorde nie hier oorsê nie, want hier is vroumense.

6.1 Waarom het Rooikoos nie meer geboer nie? (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.2) neer.

In reël 1 word Rooikoos " 'n verskrikking" genoem, want hy ...

A het baie gedrink.
B was nie 'n mooi man nie.
C het altyd 'n kierie by hom gehad.
D was groot en sy lang baard was nie netjies nie. (1)

6.3 Rooikoos Willemse het nie omgegee wie hom hoor as hy praat nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.4 "Die Barrydalers het die rusie nie begin nie ..." (Reël 6)

Wat lei 'n mens hieruit van die Barrydalers as mense af? (1)

6.5 Waarom kan 'n mens verstaan dat dit Rooikoos was wat die rusie begin het? (1)

6.6 Wie het gekeer dat Rooikoos en die Barrydalers verder rusie maak? (1)

6.7 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.7.1 en 6.7.2) en die ontbrekende woorde neer.

| |
|---|
| swakker; goeie; senuweeagtige |

Barrydale se (6.7.1) ... span het almal laat glo dat hulle sou wen. Omdat Rooikoos se dorp 'n (6.7.2) ... span gehad het, het niemand behalwe Rooikoos gedink dat hulle 'n kans teen Barrydale sou hê nie. (2)

6.8 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die rugbywedstryd het gelykop geëindig.
- Rooikoos het op Barrydale se losskakel geskree.
- Die Barrydalers het Rooikoos na die hotel op Barrydale geneem.
- Rooikoos het so baie drankies gekry dat hy later van die stoel afgeval het. (4)

6.9 Waarom kan 'n mens verstaan dat die Barrydalers vir Rooikoos "gestraf" het? (1)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.10) neer.

Al wou die Barrydalers vir Rooikoos 'n les leer, het hulle tog seker gemaak dat Rooikoos ... Daarom het hulle hom in die hotelkamer gelos.

A veilig was.
B nie alleen was nie.
C geweet het waar hy was.
D geld gehad het om te kon bel. (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Toe Rooikoos in die hotel op Barrydale wakker geword het, het hy meer as een keer in die spieël gekyk. Dit sê vir ons dat Rooikoos (seker wou maak dat sy klere netjies is/nie kon glo wat hy in die spieël gesien het nie). (1)

6.12 Noem TWEE dinge wat Rooikoos in die spieël gesien het wat hom laat skrik het. (2)

6.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die les wat 'n mens uit hierdie verhaal kan leer, is dat daar altyd (gevolge/vergoeding) is vir die dinge wat jy doen. (1)

6.14 Ná die rugbywedstryd was Rooikoos sy tuisdorp se held. Waarom het Rooikoos nie verdien om 'n held genoem te word nie? (1)

6.15 Voel jy jammer vir Rooikoos Willemse as hy aan die einde van die verhaal so hartseer is? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

... Hy wil nie 'n vreemde by hom in hê nie; dit sal nooit Willem wees nie. Halfses het hy gevra om 'n rukkie alleen gelaat te word in sy verdriet. Eers die aand, nadat dit stil geword het in die Rusoord, ruk die vrees onverwags in hom los: die ooreenkoms! Sê nou ... Om in die lewe 'n ooreenkoms te maak oor ná die dood, is een ding; om dit skielik enige oomblik te wagte wees, is 'n ander ding.

"Willem," pleit hy sommer reguit, "ek dink ons beter die ding maar los. My hart sal nie dié skok nog by die ander skok kan staan nie. Ek het jou nooit gesê nie, ek was my lewe lank maar lugtig vir 'n spokery ..."

Maar die vrees was soos 'n adder wat in sy slaap gesteur is. Wat roer die gordyn so, is daar dan wind? Hy hoor dan niks ...

"Los dit, Willem!"

6.16 Waarom was Jakob so hartseer? (1)

6.17 Vir wie het Jakob gesê dat hy liewer nie 'n ander kamermaat wou hê nie? (1)

6.18 Dink jy Jakob was selfsugtig ('selfish') omdat hy nie 'n ander kamermaat wou hê nie? Motiveer jou antwoord. (1)

Kopiereg voorbehou 

6.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Jakob het om **halfses** gevra dat die ander mense hom alleen moes los, want (hy wou voor aandete 'n rukkie slaap/dit was altyd 'n spesiale tyd saam met Willem). (1)

6.20 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (6.20.1 en 6.20.2) en die ontbrekende woorde neer.

| bang; | dapper; | bly |
|---|---|---|

Lees reëls 4 tot 6.

'n Mens verstaan nie Jakob se reaksie nie. Dis hy wat so (6.20.1) ... was om die ooreenkoms voor te stel, maar nou is hy skielik baie (6.20.2) ... (2)

6.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.21) neer.

"Maar die vrees was **soos 'n adder wat in sy slaap gesteur is**." (Reël 10)
Hierdie reël sê vir ons dat Jakob ...

A aan slange gedink het.
B te bang was om te slaap.
C 'n adder in sy kamer gekry het.
D banger vir slange as vir spoke was. (1)

6.22 Noem TWEE dinge wat Jakob in die nag gedoen het as hy so bang was. (2)

6.23 Die ander inwoners kon Jakob nie troos as hy so bang was nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.24 "Los dit, Willem!" (Reël 12)

Wat lei 'n mens uit hierdie woorde van Jakob af oor die ooreenkoms wat hy met Willem gemaak het? (1)

6.25 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die bottel wou nie oop nie.
- Jakob het gevoel die ewige vrees vir die hel was onnodig.
- Om halfses het die bottel se prop gewoonweg losgedraai.
- Jakob het die bottel vroeër as gewoonlik uit die wegsteekplek gehaal. (4)

6.26 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In die slot van hierdie kortverhaal het Willem bewys dat hy ('n man van sy woord was/nie die ooreenkoms nagekom het nie). (1)

6.27 Lees weer reëls 4 tot 6. Hoekom pas hierdie reëls so goed by die titel? (1)

6.28 Waarom, dink jy, kan 'n mens sê dat die verhaal positief vir Jakob geëindig het? (1)

6.29 Watter insident in hierdie kortverhaal het jou lekker laat lag? (1)

6.30 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.30) neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is ...

A spoke.
B teleurstelling.
C familiebande.
D hegte vriendskap. (1)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 7: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

... Maar daardie aand het ek soos 'n dief gevoel toe Ursa die kers opsteek. Dit was so hittete of ek draai daar op die plek om. En alles was so onnodig. Skielik het ek ongeduldig gevoel met Kit. Dit was haar skuld. Maar voor ek nog kon kop uittrek, was Ursa al halfpad kamer toe.

Sy het die kis oopgesluit, en ek het die kers vasgehou. Toe begin sy uitpak. Eers 'n stapel spierwit linne, toe geborduurde slope. Die geur van laventel in die moeseliensakkies was die kamer vol. Ursula het al dieper en dieper afgegaan. Naderhand het sy op haar knieë gestaan en ek het afgekyk op die swaar vlegsels wat in haar nek gelê het. Agter ons was die kamer donker. Net in die een hoek het die kersvlammetjies gedans in die drie spieëls van die kas.

"Hier is dit, Peet," en sy hou 'n boek ...

7.1 In wie se kamer was Peet en Ursula? (1)

7.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.2) neer.

"Maar daardie aand het ek **soos 'n dief gevoel** toe ..." (reël 1) sê vir ons dat Peet ...

A geweet het dat hy iets gevaarliks wou doen.
B skuldig gevoel het oor wat hy daardie aand wou doen.
C opgewonde was oor dit wat hulle in die kamer sou kry.
D geweet het wat om te doen sonder om uitgevang te word. (1)

7.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lees weer reël 3.

Peet het ongeduldig met Kit gevoel, want Kit het hom (omgepraat/betaal) om die Maré-resepteboek te steel. (1)

7.4 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (7.4.1 en 7.4.2) en die ontbrekende woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| oortuig; | beveel; | betaal |

Voor Peet en Ursula die resepteboek wou gaan steel, het Peet ook ander planne gemaak om die resepteboek in die hande te kry. Hy wou tant Nelie (7.4.1) ... om die boek vir hom te gee, maar sy het geweier. Toe het hy probeer om sy ma te (7.4.2) ... om met tant Nelie te gaan praat. (2)

7.5 Noem TWEE dinge wat in die pakkie saam met die resepteboek in die kis was. (2)

7.6 Wat het tant Nelie vir Peet gesê toe hy die resepteboek in die kis wou terugsit? (1)

7.7 Waarom was Peet verbaas dat tant Nelie dit vir hom gesê het? (1)

7.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Terwyl tant Nelie met Peet gepraat het, het sy met haar kierietjie op die vloer geklop omdat sy (haar woorde wou beklemtoon/moeilik geloop het). (1)

7.9 Kit wou tant Nelie se veerpluimresep hê omdat sy tant Nelie bewonder ('admire') het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.10 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Kit het haar eerste pan veerpluime gebak.
- Peet het tant Nelie se resepteboek vir Kit gegee.
- Peet het vir Kit gesê dat hy nie meer met haar gaan trou nie.
- Peet en Ursula het besluit om tant Nelie se resepteboek te steel. (4)

7.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.11) neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is ...

A koekbak.
B ambisie.
C jaloesie.
D liefde. (1)

7.12 Waarom het tant Nelie nooit verwag dat Ursula haar goed sou steel nie? (1)

7.13 Wat moes Peet eerder gedoen het as om die resepteboek te steel? (1)

7.14 Hoe bewys hierdie kortverhaal dat 'n mens soms dom goed doen wanneer jy verlief is? (1)

7.15 Waarom kan 'n mens sê dat hierdie kortverhaal 'n positiewe einde het? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "OPGANG" – Ina Rousseau**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

"Ek dink daar's iemand by jou agterdeur," sê Meisie.

Hannetjie gaan kyk:

Wie staan daar, besig om die onderdeur se werwel te verskuif?

Niemand anders as ou Lot nie!

Hannetjie kyk stip na haar.

"Dag, Charlotte," sê sy. "Vee jou voete maar goed af, want ek het my vloere nou net blinkgemaak."

"Dag-dag. En wat hoor ek? Ek hoor Lukas het toe eindelik en ten laaste vir jou 'n masjien gekoop. Die dae van wonderwerke is nog nie verby nie. As hy dit eerder gedoen het, het ek nie vandag met 'n vernielde voetjie gesit nie. Ek kom kyk hoe lyk hy. En ek het sommer 'n paar nate saamgebring om te voel hoe stik hy." Toe kyk sy haar vas teen die uitdrukking op Hannetjie se gesig: "Gee jy om?"

"Jy móét seker maar," sug Hannetjie. "Maar jy moet versigtig werk met sy ...

7.16 Waarom was Meisie by Hannetjie se huis? (1)

7.17 Watter ander vrou het saam met Meisie by Hannetjie se huis aangekom? (1)

7.18 Noem TWEE redes waarom die ander vrouens in die straat Hannetjie se nuwe masjien 'n "uitblinkermasjien" genoem het. (2)

7.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Niemand anders as ou Lot nie!" (Reël 4)

Hieruit kan ons aflei dat Hannetjie (opgewonde/verbaas) was om Lot te sien. (1)

7.20 As Hannetjie in hierdie uittreksel vir Lot "Charlotte" noem, is dit net omdat dit Lot se regte naam is.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.21 "Vee jou voete maar goed af, want ek het my vloere nou net blinkgemaak." (Reël 6 en 7)

Wat kan 'n mens aflei uit die feit dat Hannetjie se woorde dieselfde is as wat Lot altyd vir haar gesê het? (1)

7.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.22) neer.

"Die dae van wonderwerke is nog nie verby nie." (Reël 9)

Hiermee bedoel Lot dat ...

A Hannetjie se masjien 'n wonderlike masjien is.
B sy en Hannetjie nou saam baie mooi klere gaan maak.
C Hannetjie verskillende dinge met haar masjien sal kan doen.
D sy nie kan glo dat Lukas na jare vir Hannetjie 'n masjien gekoop het nie. (1)

7.23 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"... het ek nie vandag met 'n vernielde voetjie gesit nie." (Reël 10)

Met hierdie woorde bedoel Lot dat (sy haar voet beseer het/Hannetjie nie mooi met Lot se masjien gewerk het nie). (1)

7.24 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (7.24.1 en 7.24.2) en die ontbrekende woorde neer.

| verkeerde; | goeie; | ongemaklike |
|---|---|---|

"Jy **móét** seker maar," **sug** Hannetjie." (Reël 14)

Hierdie woorde en reaksie van Hannetjie sê vir 'n mens dat sy Lot nie met 'n (7.24.1) ... hart wil toelaat om haar nuwe masjien te gebruik nie. Maar omdat sy altyd Lot se masjien gebruik het, voel Hannetjie dat dit die (7.24.2) ... besluit sou wees om te weier. (2)

7.25 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lukas het die naaimasjien in die sitkamer gaan sit.
- Charlotte het ook na Hannetjie se nuwe masjien gaan kyk.
- Hannetjie het vir Lot toegelaat om op haar nuwe masjien te werk.
- Lukas het vir Hannetjie 'n naaimasjien by Welgemoed en Seun gekoop. (4)

7.26 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.26) neer.

'n Les wat 'n mens uit hierdie kortverhaal leer, is dat ...

A geld van jou 'n beter mens maak.
B familielede altyd met mekaar sal kompeteer.
C mense jou respekteer as jy nuwe goed kan koop.
D jy aan ander moet doen wat jy wil hê hulle aan jou moet doen. (1)

7.27 Waarom pas die titel so goed by die inhoud van hierdie kortverhaal? (1)

7.28 Voor Hannetjie haar eie masjien gekry het, het sy altyd Lot se masjien gebruik.

Dink jy Lot het Hannetjie toe goed behandel? Motiveer jou antwoord. (1)

7.29 "En ek het sommer 'n paar nate saamgebring om te voel hoe stik hy." (Reël 11 en 12)

Wat doen Lot hier wat 'n mens nooit moet doen nie? (1)

7.30 Dink jy die nuwe masjien het vir Hannetjie gelukkig gemaak? Motiveer jou antwoord. (1)
**[40]**

**OF**

## VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS L

LUCKY: Jy? *(Nuuskierig.)* Toe, vertel! Wat weet jy nogal van community service?

WILMA: *(Kwaai.)* Dis nie jou besigheid nie. Wat wel jou besigheid is, is dat ek nie skrik vir boelies soos jy nie. Maar Binki verdien nie jou goor houding nie. Weet jy, dis die eerste keer wat sy alleen is met 'n perd, en sy is al lank hier. Dit het baie aanmoediging gekos en jou simpelgeit het nou amper haar moed gebreek. Dit gaan nie weer gebeur nie. Nog een misstappie, net ene, en wat dan van jou gaan word, kan my nie in die minste skeel nie. Verstaan ons mekaar?
*(Lucky staan stil voor Wilma se woede. Wilma kry iets uit die stoorkamer en mik om af te stap.)*
Jy kry jou selfoon terug as jy huis toe gaan.

LUCKY: *(Astrant.)* Hei, wie is nou die boelie? Ek is seker jy maak nie so met die ryk varke nie.

8.1 Lucky moes gemeenskapsdiens op Wilma se plaas doen.

8.1.1 Wat het Lucky verkeerd gedoen dat hy gemeenskapsdiens moes doen? (1)

8.1.2 Hoe lank moes Lucky gemeenskapsdiens doen? (1)

8.2 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE woorde uit die drama te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.2.1 tot 8.2.4) en die woord neer.

8.2.1 Die naam van Wilma se plaas is ...

8.2.2 Lucky moes sekere takies op die plaas doen. Hy moes die mis uithark en vars ... insit.

8.2.3 Lucky wou nie daar wees nie en het lelike dinge gesê. Wilma het Lucky se ... gebel en gesê hulle moes hom kom haal.

8.2.4 Lucky het teen sy sin begin werk. Wilma het vir hom gesê dat hy nie middagete sou kry voordat die ... nie skoon is nie. (4)

8.3 "Maar Binki verdien nie jou goor houding nie." (Reël 4 en 5)

8.3.1 Noem TWEE dinge wat Lucky gedoen het wat nie reg teenoor Binki was nie. (2)

8.3.2 Hoekom was dit reg dat Wilma hieroor met Lucky geraas het? (1)

8.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.4) neer.

Lucky se optrede teenoor Binki in VRAAG 8.3.1 sê vir ons dat Lucky ... teenoor Binki was.

A onsensitief
B ondankbaar
C ongehoorsaam
D onverantwoordelik (1)

8.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.5) neer.

Wilma het Lucky se selfoon gevat omdat sy hom wou leer om ...

A sy werk vinnig klaar te maak.
B vriendelik teenoor alle mense te wees.
C te doen wat sy vir hom sê om te doen.
D sy selfoon net te gebruik wanneer dit regtig nodig is. (1)

8.6 "Nog een misstappie, net ene, ..." (Reël 8)

Wat sê dit vir ons van Lucky se gedrag op die plaas? (1)

8.7 Lucky het ook lelik teenoor Tinkerbelle en Kaizer opgetree.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.8 In reël 14 praat Lucky van die "ryk varke".

Waarom is Lucky so negatief teenoor ryk mense? (1)

8.9 Waarom, dink jy, was dit goed dat Lucky by iemand soos Wilma sy gemeenskapsdiens gedoen het? (1)

8.10 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.10.1 en 8.10.2) en die ontbrekende woorde neer.

| simpatiek; | ontevrede; | skuldig |
|---|---|---|

Lucky het gedink dat Wilma 'n boelie is, maar eintlik het Wilma (8.10.1) ... teenoor Lucky gevoel. Sy het geweet hoe dit voel om (8.10.2) ... te voel oor iets verkeerds wat jy gedoen het. (2)

8.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

" ... en wat dan van jou gaan word, kan my nie in die minste skeel nie." (Reël 8 en 9)

Uit hierdie woorde van Wilma kan ons aflei dat sy (bekommerd is oor/ ongeduldig raak met) Lucky. (1)

8.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die les wat Lucky uit sy gemeenskapsdiens moes leer, is dat daar altyd (gevolge/vergoeding) vir die dinge is wat 'n mens doen. (1)

8.13 Watter les, dink jy, het Lucky in sy tyd op die perdeplaas geleer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS M**

| | |
|---|---|
| LUCKY: | Big deal. Die miskruier dra toe water aan. |
| WILMA: | *(Sy skud haar kop asof sy dit nie kan glo nie.)* Ek gaan vir Tinkerbelle haal. Ons het nie meer besprekings vir die dag nie. Julle kan die goed begin bêre in die stoorkamer. |
| | *(Wilma af. Binki en Lucky begin van die toerusting die stoorkamer indra.)* |
| LUCKY: | Gee my jou selfoon. |
| BINKI: | Wilma het joune dan teruggegee. |
| LUCKY: | Nee, ek wil weer die foto's van jou hond sien. Dorkey. |
| BINKI: | Dukie. |
| LUCKY: | Die ding met punk hare. Toe, wys my. |
| BINKI: | Jy haat dan honde. |
| LUCKY: | Dis anders. Dis jou hond. |
| | *(Binki haal haar selfoon uit en soek die foto's.)* |
| | Hy is – was – seker eintlik oulik. Sulke ... opgestaande haartjies. (*Lucky beduie met sy hand. Binki lag. Hulle kyk saam na die foto's.)* |
| | Het jy weer so 'n hond gekry …? |

8.14 Vir watter perd het Lucky water aangedra? (1)

8.15 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Big deal. Die miskruier dra toe water aan." (Reël 1)

Uit hierdie woorde van Lucky kan ons aflei dat sy houding teenoor die perde (negatief gebly/positief verander) het. (1)

8.16 Lees weer reëls 1 tot 6.

8.16.1 Hoe wys Wilma dat sy verbaas is oor dit wat Lucky gedoen het? (1)

8.16.2 Noem TWEE redes waarom Wilma verbaas is. (2)

8.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.17) neer.

"Nee, ek wil weer die foto's van jou hond sien." (Reël 9)

Dit sê vir ons dat Lucky ...

A Binki weer oor haar snaakse hondjie wou spot.
B niks anders gehad het om te doen nie.
C weer iets leliks oor honde wou sê.
D vriende met Binki wou wees. (1)

8.18 Wat het met Dukie gebeur? (1)

8.19 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lucky het sy naam op Binki se foon na "Extra Lucky" verander. Hieruit kan ons aflei dat Lucky besef het dat die gemeenskapsdiens op die plaas tot sy (voordeel/nadeel) was. (1)

8.20 Binki se selfoon was die rede waarom hulle speel-speel begin stoei het.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Lucky wou nie Binki se foon teruggee nie.
- Lucky het sy ander naam op Binki se selfoon ingetik.
- Lucky het besef dat hy nie die enigste mens met letsels is nie.
- Lucky het per ongeluk een van Binki se bloes se moue losgeskeur. (4)

8.22 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Toe Sabrina na die gestoei vir Binki gebel het, het Binki die gesprek met haar ma (dieselfde/anders) as in die verlede hanteer. (1)

8.23 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.23) neer.

Ná die voorval waarin Lucky Binki se bloes se mou afgeskeur het, het Binki ...

A weer al hoe stiller geword.
B meer in haarself begin glo.
C gesê dat sy nie meer by Wilma wou bly nie.
D gesê dat sy nooit weer vir Lucky wou sien nie. (1)

8.24 Voltooi die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (8.24.1 en 8.24.2) en die ontbrekende woorde neer.

| | | |
|---|---|---|
| skaam oor; | tevrede met; | bekommerd oor |

Uit die slot van hierdie drama lei ons af dat Binki en Lucky albei verander het. Binki was nie meer (8.24.1) ... haar letsels nie en Lucky was meer (8.24.2) ... sy eie omstandighede. (2)

8.25 Waarom was dit goed vir Binki dat sy aan die einde van die verhaal vrede gemaak het dat haar ma nooit gaan verander nie? (1)

8.26 Is dit reg dat Lucky Engelse woorde soos "Big deal" in die drama gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

8.27 Hoekom kan ons sê dat die titel *Perdekrag* goed by die gebeure in hierdie drama pas? (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou